JEHOVAH-JIREH [1]

Sit maar. Hierdie is 'n groot geleentheid, om vanaand weer terug te kom. En 'n groot seën vir my, om te kom en met julle te praat oor ons Here Jesus, Wie ek seker is meeste van julle ken, of ek hoop so, in die vergifnis van julle sondes en—en by wyse van Sy genade, aan julle. En mag Hy julle vanaand, meer van van Sy genade deelagtig maak. Wanneer ons hier weggaan, mag ons in staat wees om te sê, soos hulle wat van Emmáüs gekom het: "Ons harte was brandende in ons, toe Hy met ons gepraat het langs die pad." Nou elkeen van julle . . .

2 Ek reken hulle het 'n—'n—'n—'n skakelman soos hy. Mnr. Vayle hier het 'n—'n les, beantwoord soort van vrae en praat oor die Skrif. Is dit hier in die gebou? Net hier in die gebou, op 'n oggend. En as enigeen vry is, en 'n paar predikers, of sovoorts, wil graag besoek aflê, wel, enigeen is welkom. En Broer Vayle is nogal 'n diepsinnige leraar. Regtig, hy't 'n goeie geleerdheid.

3 En daarom, het ek nou die dag gesê, ek—ek wens ek het 'n geleerdheid gehad. Ek moet gelykenisse gebruik, soos iets anders, om te verduidelik, julle weet. Ek het nie genoeg geleerdheid om dit af te breek nie. Maar op een of ander manier, help die Here my oor die weg.

4 En so onthou ek, eenmaal was daar 'n—'n man in die Skrifte, sy naam was Johannes, en sy vader was 'n priester. Gewoonlik, het hulle in hulle vader se voetspore gevolg. Maar hy het regtig 'n boodskap gehad; hy moes die Messias aankondig. En nou as hy na die skool sou gaan, waarheen sy vader gegaan het, het hulle gesê: "Nou, ken jy liewe Broer *So-en-so*? Dis net die Messias," hulle het hom amper daarin ingepraat. So, sien, hy het nie na enige skool van daardie aard gegaan nie.

5 Hy het in die wildernis ingegaan, waar hy van God geleer het. Het julle opgelet hoe sy boodskappe uitgekom het? Hy het nooit enige geleerdheid gehad nie. Hy het ingegaan op nege jaar oud, uitgekom op dertig, ses maande gepreek, en is tereggestel. Nou ons vind dat hy gebruik gemaak het . . . Net soos die Fariseërs uitgekom het, en die Sadduseërs, en hy gesê het: "O, julle addergeslag!" Dis wat hy in die wildernis gesien het; slange, iets wat vuil en slymerig is, en bedrieglik. Sien?

6 Nou iemand sou kon gesê het: "Wel, jou klein onbenullige stukkie lastigheid," of iets. Maar hy . . .

7 Maar, sien, hy het geen woorde geken om te gebruik nie, toe sê hy sommer: "Julle addergeslag," dis wat hy in die wildernis gesien het. Het gesê: "Wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom? Moenie begin sê, dat: 'Ons het, ons behoort *hieraan* en behoort *daaraan*,' nie, want God

is in staat om uit hierdie klippe," wat hy gesien het: "kinders van Abraham op te wek. En die byl lê teen die wortel van die boom." Hy het geweet wat om met 'n swak boom te doen. "Wie ook al nie goeie vrugte voortbring nie, word afgekap en in die vuur gewerp," om die swak hout uit te brand.

8 Sien, sy hele boodskap was iets van die natuur, hy het daarop gebaseer. Die gewone mense verstaan dit. En toe hulle . . . Ek dink soms is dit dalk 'n bietjie beter om so te maak as al hierdie yslike groot woorde wat mense in die skool leer.

9 Nou, ons was gisteraand 'n bietjie laat, so ons probeer om julle vanaand net betyds uit te kry, as ons moontlik kan. En ek vertrou dat die Here dit nie te erg sal laat reën vanaand, op hierdie sinkdak nie, so ons sal maar glo en—en Hom probeer dien, na die beste van ons wete.

10 Nou laat ons staan waar ons God se Woord lees, sou ons nou lees uit die Boek Génesis. En ons begin by die 22ste hoofstuk en die 7de vers, lees die 14de, ingesluit.

> *Toe spreek Isak met sy vader Abraham en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?*
>
> *En Abraham antwoord: God sal vir Homself 'n lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saamgeloop.*
>
> *Toe hulle kom op die plek wat God hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.*
>
> *Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag.*
>
> *Maar die Engel van die* HERE *het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!*
>
> *En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom* op . . . lê *nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My* teruggehou . . . *nie teruggehou het nie.*
>
> *En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek . . . sy seun geoffer.*
>
> *En Abraham het dié plek genoem: Jehovah Jireh. Die* HERE *sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die* HERE *sal dit voorsien word.*

11 Laat ons ons hoofde net vir 'n oomblik buig, vir 'n woord van gebed.

12 Ons Hemelse Vader, ons word vertel deur hierdie Woord, wat God is, dat: "Geloof kom deur te hoor, en hoor van die Woord van God." En nou, Vader, bid ons dat U die konteks van hierdie lesing aan ons sal tuisbring, sodat ons kan leer soos wat dit vir ons gesê word deur die Bybel, dat: "Al daardie dinge daar in die Ou Testament was voorbeelde sodat ons sou sien." Aan hulle wat God se oproep gehoorsaam, is geseënd. Hulle wat dit weier, is vervloek. So ons bid, Vader, dat ons, vanaand, insig sal hê, deur die openbaring. Mag die Heilige Gees aan ons openbaar die dinge wat op ons betrekking het in hierdie dag, dis alles verskuil in hierdie groot verborgenheid van God wat sedert die grondlegging van die wêreld was. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

13 Ek wil praat oor die onderwerp, as die Here wil, van die gedagte van: *Jehovah-Jireh*. Die woord beteken "God sal vir Homself 'n offer voorsien."

14 En ons praat van Abraham, en dit was die tyd dat hy uitgesien het na 'n beloofde seun. Om die regte waarheid hiervan te kry, sal ons teruggaan. En dit was in die 22ste hoofstuk. Ons wil vroeër besoek aflê; ek het 'n paar Skrifte hier uitgeskryf, waarna ek graag wil verwys, indien moontlik. En ek wil oor hulle praat, en ek wil by die 12de hoofstuk begin. Ons sal teruggaan om uit te vind wie hierdie karakter Abraham is, en nou hoe—hoe dit gekom het dat God hom gekies het.

15 Ons weet dat die belofte aan Abraham gegee is en sy Saad na hom, en slegs om in Abraham te wees, is ons erfgename met hom met die belofte. Nou Abraham het saad gehad, en die saad, natuurlik, was, hy het baie saad gehad, sade, maar hy het slegs een Saad gehad van wie die belofte was. Hy het Ismael gehad; en toe na Sara dood is, het hy met 'n ander vrou getrou en het sewe seuns behalwe die dogters gehad; en hulle is almal saad van Abraham, maar die—die sade van Abraham. Maar die Saad was die een wat die belofte gehad het. En die Saad, in werklikheid, is die *geloof* van Abraham, wat hy in die beloofde Woord van God gehad het.

16 Nou Abraham vind ons uit, ons . . . verskyn nie voordat ons hom hier in omtrent die 12de hoofstuk kry nie. Die 11de hoofstuk van Génesis, vind ons dat sy vader daar van Babilon af gekom het. En Abraham was net 'n gewone man, net soos ek of jy, of enigiemand anders. En hy was aan die, liewer, wat ons sou dink, ou kant. Hy was vyf-en-sewentig jaar oud. Hy het met sy halfsuster getrou. Haar naam was Sara. En sy naam was toe, natuurlik nie Abraham nie, dit was Abram. En—en hare was Sarai. So vind ons dat sy tien jaar jonger was as hy, wat haar vyf-en-sestig, en hom vyf-en-sewentig jaar oud gemaak het.

17 Hulle het waarskynlik, as 'n boer, in die vallei van die Sinar daar gewoon, en het 'n gewone lewe gelei. Hy—hy het waarskynlik bedags uitgegaan, en sy vleis uit die bos gekry, en bessies gepluk, en daardie soort lewe gelei. Net 'n gewone mens, daar was niks spesiaals aan hom nie. Maar eendag, het God hom geroep. Dit is wat die verskil gemaak het, toe God die oproep gemaak het.

18 En dis hoe dit met elke lewe is. Dit vereis God. Dit is nie wat jy doen nie; dis wat God doen. Sien? Jy sê: "Ek het God gesoek. Ek het God gesoek." Jy maak 'n fout. Geen mens soek God nie. God soek die mens. Sien? Dis nie jy wat God soek nie; dis God wat jou soek.

19 Jesus het gesê: "Julle het My nie gekies nie, maar Ek het julle gekies." Sien? So jy's gekies voor die grondlegging van die wêreld, of jy is glad nie gekies nie. Hy het net gekom om daardie naam te verlos. En almal wie se name nie op daardie Lam se Boek van die Lewe is nie. . . voor die grondlegging van die wêreld, is die enigstes wat daar gaan wees, in elk geval. Sien? Jy was gekies in Hom voor die grondlegging van die wêreld. Toe die Lam gekies is, toe is jy saam met Hom gekies, voor die grondlegging.

20 En jy is, soos ek gisteraand gesê het, 'n eienskap van God se denke. Sien, dis die enigste manier waarop jy Ewig kan wees, en enigste vorm van Ewige Lewe. Daar is net een vorm van Ewige Lewe, en dis God. So, dis al, Hy is die Een wat Ewig is.

21 Nou ons vind dat Abraham daardie plek gehad het. En God het, in die Ou Testament, tipes en skadu's uitgewerk, om te toon wat Hy sou doen.

22 Nou ons vind hier dat God met hom gepraat het. En die groot ding, nadat God hom geroep het. . . Die roeping wat God gegee het, was 'n bonatuurlike roeping. Maar, tog, dit het Abraham nooit laat steier nie, nooit nie. Hy het altyd geweet dit is God. Dis 'n groot ding. Wanneer. . .

23 God se roepings is bonatuurlik; daar is niks natuurliks nie. God neem die bonatuurlike en werk dit uit in die natuurlike, maar die roepings van God is bonatuurlik. Die Bybel het gesê: "Gawes en roepings is sonder bekering." Sien, dis voorbestem deur—deur God.

24 Nou ons vind dat, hierin, dat Abraham synde geroepe, het hy die stem van God gehoor, en Hy het vir hom iets gesê wat bykans totaal onmoontlik was. Hy wat vyf-en-sewentig jaar oud was, sy vrou vyf-en-sestig jaar oud, dit sou haar omtrent twintig jaar verby die menopouse maak, en het met haar saamgelewe vandat sy 'n meisie was. Hulle het geen kinders gehad nie. En, tog, het hom gesê hulle gaan 'n baba hê, en deur hierdie baba sal die hele wêreld, al die nasies, geseën word. Nou dis 'n vreemde ding.

25 "En Abraham," het die Bybel gesê in Romeine die 4de hoofstuk: "het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar was sterk, het God geprys."

26 Ek kan my voorstel, na die eerste maand. . . Natuurlik, Sara, soos ek gesê het, was by die menopouse verby. Die eerste maand, kan ek my voorstel het Abraham gesê: "Sara, hoe voel jy, skat?"

"Niks anders nie."

27 "Wel, geseënd sy God, ons gaan in elk geval die baba hê. Ons gaan dit net hê. God het gesê ons sou."

28 Sara, het die sokkietjies gebrei, en het die voëlogie materiaal en die spelde, en alles gekry; was gereed, het gereed gemaak daarvoor, want sy het geweet sy gaan dit hê. God het so gesê. Sien?

29 Die eerste jaar het verbygegaan. "Voel jy enigsins anders, skat?"

"Glad nie anders nie."

30 "Prys God! Dit sal nou 'n groter wonderwerk wees as wat dit die eerste keer sou wees. Sien, dis 'n jaar later. Gaan dit hê, in elk geval." Waarom? God het so gesê. Dit handel dit af. God het so gesê. Ons. . . God het so gesê.

31 Tien jaar het verbygegaan. "Hoe voel jy nou, skat?" Hier is sy vyf-en-sewentig, en hy is vyf-en-tagtig.

32 Nou kan julle julle voorstel 'n ou man en vrou soos dit, vandag, gaan daar na die hospitaal toe, en sê: "Dokter, ons wil reëlings tref. Ons gaan. . .?"

33 God vra jou om sommige van die belaglikste dinge te glo, maar Hy maak dit altyd reg. God. . . 'n Persoon wat God glo, tree absoluut gek op, vir die wêreld.

34 Kan jy jou voorstel Moses, opgelei in al die—die wysheid van die Egiptenare, hoof van die leërs, die—die—die—die leërs van Egipte. En, tog, veertig jaar het dit hom geneem om daarvoor opgelei te word, en dit het God veertig jaar geneem om daardie geleerdheid uit hom uit te neem, net. . . wat dit die wêreld geneem het om in hom te sit. Nog veertig jaar, het hy alles afgeleer, al die geleerdheid, teologie uit hom uit. En Hy het hom ontmoet aan die agterkant van die woestyn, en hy het meer van God geweet, in vyf minute in die Teenwoordigheid van God, as wat hy in veertig jaar uit boeke geleer het. Dis reg.

35 God word nie deur geleerdheid geken nie. Hy word deur geloof geken. En God het met hom gepraat in die bonatuurlike. En watter belaglike ding laat God ons, somtyds, nie doen nie.

36 Kan julle julle voorstel, 'n ou man, tagtig jaar oud, wat weghardloop, 'n profeet wat van God af weggehardloop, en vyf minute in die Teenwoordigheid van God. Die volgende oggend, kan julle hom voorstel, 'n ou man, wangbaarde wat ver afhang

soos *dit*; sy bleskop wat blink; 'n krom stok in sy hand; sy vrou wat wydsbeen op 'n muil sit, met 'n kleintjie op haar heup; op die pad soontoe!

"Waarheen gaan jy, Moses?"

"Gaan daar na Egipte toe, om oor te neem."

37 Sien: "oor te neem," 'n eenman-inval. Dit klink belaglik. Maar, ding is, hy het dit gedoen, omdat God so gesê het. Dit handel dit af.

38 Wanneer God so sê, is dit al wat daaraan is. Dis—dis dit. As God die belofte gemaak het, rus jou siel daarop. As jy dit kan glo, rus jou . . . As jy dit nie glo nie, bly weg daarvan af; dit sal jou skaad. Maar as jy dit glo, hou daarby, dit sal jou na die oorwinning neem, net so seker as die wêreld.

39 Nou vind ons uit, dat: "Abraham het nie getwyfel aan die belofte van God nie." En toe hy honderd jaar oud was, en sy negentig was, ek kan hom hoor; kan nou skaars praat, hy word so oud en swak: "Wel, Sara, skat, hoe voel jy?"

"O, skat, ek voel niks anders nie."

40 "Halleluja! Ons—ons gaan dit nogtans hê. God het so gesê, dis al wat daaraan is. God het die belofte gegee." Hy het gesê hy was "ten volle oortuig dat God in staat was om gestand te doen wat Hy beloof het."

41 En nou noem ons onsself die Saad van Abraham, sy Koninklike Saad (nie Isak se saad nie), Sy Koninklike Saad, Christus; en twyfel oor enige belofte, is verward daaroor en sê dis nie so nie, en twyfel daaraan in ons gemoedere? Ek twyfel of ons Abraham se Saad is wanneer ons daardie soort gedagte in ons het. Abraham se Saad wyfel nie oor geen ding nie. Dit noem dinge wat nie is nie, asof hulle is, omdat God so gesê het. Hy's 'n Skepper. Hy kan dit so maak. Hy het dit beloof, en dit handel dit af. Dis al wat daaraan is. Wanneer God dit sê, handel dit dit die hele ding af. Nou, onthou, hy wou dit hê . . . Daar kon nie . . . Hy het gesê . . .

42 Nog 'n ding wat Hy hom gesê het om te doen, om homself nou af te sonder van sy familie en van al sy mense.

43 God, ten einde 'n man of 'n vrou, seun of dogter, te kry om Hom te gehoorsaam, moet jy jouself afsonder van alle ongeloof, dis reg, totdat jy jouself totaal afsonder van enigiets teenstrydig met daardie Woord, en Dit glo. Jy . . . God vra vir 'n totale afsondering.

44 Watter verskil is daar nie in ons skole vandag wat predikers uitstuur nie. Hulle indoktrineer hulle sommer met allerhande soorte ongeloof en teorieë wat niks meer Skriftuurlik is as een of ander soort belydenis wat hulle opmaak nie, en stuur hulle dan uit met so 'n basis soos hierdie. Geen wonder ons het 'n klomp Oswald's en Jack Ruby's,

ensovoorts, oor die land heen uitgebroei nie. Kommunisme sluk die land in, omdat ons kweekskole en broeikas-predikers het in plaas van God-gestuurde wedergebore, Heilige Gees vervulde, Vuur-gebore seuns van God, kinders van Abraham wat glo die Woord van God is uitdruklik die Waarheid en niks anders as die Waarheid nie, gehard, en daar kan staan op die beloftes, in die aangesig van enigiets, en daarby staan, dat dit die Waarheid is. Dis God se Woord. Goed.

45 Nou Hy het gesê: "Sonder jouself af van al jou familie, van al jou mense, alles, en volg My."

46 God het nie Sy manier verander nie. God is die onveranderlike God. Die manier waarop God enigiets doen, een keer, Hy moet dit die tweede keer op dieselfde manier doen. Onthou, wanneer jy God se optrede op enige tydstip kan sien, as Hy. . . As—as 'n mens verlore was, en Hy het 'n mens gered op die basis van 'n sekere besluit wat Hy geneem het, moet Hy altyd vir ewig bly by dieselfde besluit. Hy kan dit nie verander nie. Sien? Hy is oneindig.

47 Ons is eindig. Ek kan môre meer weet as wat ek vandag weet. So kan julle volgende jaar meer weet as wat julle vanjaar weet. Jy weet vanjaar meer vanjaar as wat jy verlede jaar het, maar nie God nie.

48 Hy is volmaak, oneindig. Alles wat Hy doen is volmaak. Hy kan nie vandag 'n besluit neem en môre 'n beter een neem nie. Sy eerste een is volmaak. Daarom, jy kan maar jou siel rus op enigiets wat Hy sê, dis die Waarheid.

49 Van God is eenkeer vereis om 'n besluit te neem, hoe om 'n mens te red, en die manier waarop Hy dit gedoen het, was op die basis van 'n gestorte Bloed van 'n Onskuldige, in die tuin van Eden. En die mens het alles ter wêreld probeer om die mens te red, andersins; hulle het stede gebou, hulle het torings gebou, hulle het organisasies gehad, geleerdhede, en wat nog, en die hele ding is 'n totale mislukking. Daar is net een manier waarop God ooit 'n mens red, dis deur die gestorte Bloed van die Onskuldige. Dis die enigste manier. Dit was God se eerste besluit. Hy bly ewig daarby.

50 As God ooit 'n mens genees het op die basis waarop Hy hom genees het, moet Hy die volgende een genees wanneer hy by daardie punt kom. As Hy nie het nie, het Hy verkeerd opgetree toe Hy die eerste keer opgetree het toe die besluit geneem moes word.

51 As Hy ooit 'n besluit neem, moet Hy vir ewig daarby bly. As Hy dit nie doen nie, het Hy toe die verkeerde besluit geneem. Sien? En wie kan sê God het 'n verkeerde besluit geneem? Sien? Ons kan dit nie sê nie. So God moet ewig by Sy besluit bly. So wanneer Hy dit neem, is dit dit.

52 Toe het Hy gesê: "Sonder jouself van al jou familie af, alles, al die ongeloof wat daar van Babilon af kom."

53 Die eerste groot organisasie in die wêreld was Babilon, toe dit al die stede georganiseer het om belasting te betaal aan hierdie een stad, einste tipe, al hierdie ismes en nuwe dinge wat vandag gesien word. As julle ooit Hislop se *Two Babilons* lees, ensovoorts, en teruggaan in Génesis, sal julle uitvind Génesis is die begin, om te sien, sien jy al hierdie ismes en dinge, sommer reg daarin geplaas.

54 Sien, die self-gestyfde Fariseërs wat daarvandaan gekom het, van daardie vrou met daardie eienaardige wortels ensovoorts, het reg afgekom in die dae van Jesus. Fariseërs het nie geglo in Gees of niks anders nie, en hulle het Jesus verhinder. Jesus het gesê: "Los hulle uit. As die blinde die blinde lei, val hulle albei in die sloot. Los hulle." Hy het maar voortgegaan met preek, en die siekes genees, en wonderwerke verrig, en net dieselfde. Dit het Hom nie gestop nie, omdat Hy die Woord was. Die Woord gaan bloot voort, ongeag wat plaasvind.

55 So ons vind daardie dinge gaan aan, en hulle kom tot opbloei hier in die laaste dae. Soos Jambres en Jannes Moses weerstaan het, so sal dit dieselfde ding wees.

56 Nou, totale afsondering van alle ongeloof. En, onthou, Abraham die aartsvader is nooit absoluut ten volle geseën totdat hy presies gehoorsaam was aan wat God gesê het om te doen nie. En ons sal nooit, nooit, nooit enigsins geseën word, en die seëninge hê, totdat ons gehoorsaam wat God gesê het om te doen nie.

57 Nog 'n ding wat ek wil hê julle moet oplet hier in die 12de hoofstuk, dat die verbond heeltemal onvoorwaardelik was. Daar was nie enige voorwaardes aan verbonde nie. "Ek het," nie: "as jy" nie. Daar was geen asse daaraan verbonde nie. "Ek het dit alreeds gedoen." Hy gee Abraham die verbond, onvoorwaardelik.

58 En nou weet, in die Adamse verbond, was dit: "As julle nie hierdie boom aanraak nie, dan sal Ek *so-en-so* maak. Maar as julle dit doen, dan sal Ek *so-en-so* moet maak." Sien, dit het wet daaraan verbonde gehad.

59 Maar in hierdie verbond: "Ek het jou alreeds 'n vader van baie nasies gemaak." En Hy, alles, dis alles onvoorwaardelik. Die verbond is suiwer genade, net absolute genade. Al wat hulle moes doen om die verbond te onderhou, was om te bly woon in die land; en elke seëning, wat met die verbond saamgegaan het, was met hulle. Al wat hulle moes doen was om in daardie land te bly. Nou ons vind uit, toe hulle afgegaan het in Egipte, het hulle hulle seën verloor, maar nie hulle verbond. Die verbond was nog daar. Hulle het die seën verloor, maar nie hulle verbond nie, omdat hulle verbond genade was, onvoorwaardelik.

60 En in—in Eksodus, die 19de hoofstuk. Eks-. . .Israel het een van sy mees roekelose dinge gedoen wat hy ooit gedoen het, was toe hy genade geweier en die wet aanvaar het. Kyk wat genade gedoen het. Genade moes vir hulle ’n verlosser voorsien, moes vir hulle ’n profeet voorsien, met ’n Vuurkolom om hom met ’n bevestigde woord reg te bewys, was die offerlam. Genade het hulle ’n groot herlewing gegee. Genade het hulle deurgebring, die Skelfsee oopgemaak, hulle daaroor gebring. Het hulle met tekens en wonders verlos, alles deur genade. Maar hulle wou iets hê sodat hulle vir hulleself ’n paar groot name kon maak.

61 Nou, as dit nie maar net die mense vandag is nie, dis net dieselfde ding. Hulle moet wees, die mens moet homself iewers daarin betrokke hê. En dit is daar waar daardie Israel sy groot fout gemaak het, toe dit genade verwerp het en die wet geneem het, in plaas daarvan. En die. . .Steeds, maar die verbond wat Hy met hulle gemaak het, was steeds onvoorwaardelik. Dis steeds dieselfde ding vandag, ons kry dit.

62 Abraham, toe, nadat vir hom hierdie voorwaardes gegee is, het hy sy reis begin, voortgegaan. Nou ons vind hy het wegbeweeg.

63 En in die 13de hoofstuk, het hy uiteindelik gekom by ’n punt van volle gehoorsaamheid aan God. Nou ons vind, in die 13de hoofstuk, dat Lot. . .Eers, het hy sy vader geneem, en die ou man was altyd soort van in die pad. En hy het probeer om ’n klomp met hom saamgesleep te kry. En wanneer jy dit doen, is dit daar waar jy dit kry. God het gesê: “Sonder af.”

64 “Wel, ek sal jou sê, hulle glo nie presies nie, maar. . .” Gee dan pad daarvan af. Dis die enigste ding, bly net weg daarvan af.

65 En toe die ou man, hy het uiteindelik, reg teen die einde, toe, het Lot ’n—’n vlieg in die salf geword, so te sê. Ons vind uit dat hy begin murmureer. En hulle het altwee ryk geword, en hulle het baie gehad om mee klaar te kom. En ons vind toe uit dat Lot begin twis, sy herders teen Abraham se herders.

66 En ons vind uit dat Hy nie het nie, God het nie ten volle getrouheid gevind in. . .-aham, Abraham nie, om te gehoorsaam wat Hy hom gesê het om te doen, om homself volledig af te sonder van al sy familie, van al sy mense, en Hom te dien nie.

67 So ons vind uit dat, God wat hier met Abraham praat, by die altaar, en hom gesê het wat om te doen. Uiteindelik, Lot, toe die vraagstuk tussen Abraham en Lot opkom; was sy broer Haran se seun, en hulle. . .Dit sou sy kleinneef wees. En het uiteindelik gesê: “Laat. . .Ons is nou broers. Ons sal nie ’n getwis tussen ons hê nie. Nou jy, as jy na die ooste gaan, sal ek wes gaan. En as jy wes gaan, sal ek oos gaan. Nou sonder jy net onsself af, en ons sal nie. . .Daar is

oorgenoeg plek hier vir ons almal. En gaan jy maar, maak jy maar die keuse." Nou dit was die ware Christelike gees in Abraham, gee selfs die vyand die voordeel van die keuse. En so het hy hom sy gang laat gaan.

68 En Lot, soos soveel vandag, sien die geleentheid. As hy ooit wegkom van die strengheid, wel, hy kan dalk 'n paar dollars vir homself maak, hy kan dalk 'n gewilde man wees. Toe het hy daar na Sodom toe gekyk. En dit was 'n waterryke land, en 'n groot stad, en mooi, industrieel, sout, ensovoorts. Hulle, hulle het die uitvoer daarvandaan gehad. En—en dan, weer, dit was vol lekker tyd, vroue met al hulle Isébel-verf en alles, sommer 'n lekker tyd. Sy vrou het soort van 'n bietjie daardie kant toe geneig, ook, omdat, vind ons uit, nadat hy burgemeester geword het daaronder dat sy soort van—sy soort van gehou het van die manier van die mense. En dis al wat jy hoef te doen, is om deurmekaar te raak met iets. Sien?

69 God wil hê jy moet jouself afsonder, en—en so ver wegkom van daardie dinge totdat jy hulle glad nie meer sien nie. Dat, jy een ding wil sien, dis Hy en wat Hy beloof het.

70 Maar Mev. Lot, sy het soort van gehou daarvan. En, ongetwyfeld, het sy soort van gesê: "Lief, ek was nou net daar, en jy sien hoe die vroue daar aantrek, en kyk na daardie meisies. Kyk hoe ons meisies aantrek. So dink jy nie dat hulle meer modern is nie?" O, goeiste! As ons nie weer terug is by nog 'n Sodom nie, weet ek nie waarom nie. Daar vind ons.

71 Maar Abraham het by die belofte gebly. Dan vind ons uit, soos dit voortgaan, en die . . . waar hulle hulleself afgesonder het, en Lot. En Abraham het die skraler gronde geneem, entjie weg, gebly by waar daar nie juis veel weiding vir sy beeste was nie. En, maar, hy was bereid om die weg te neem, omdat God hom in daardie land geplaas het, en dis waar hy wou bly. Bereid om dit te neem!

72 Nou toe hy eindelik, ten volle God gehoorsaam was, toe hy eindelik God gehoorsaam was tot die volheid daarvan, om homself volledig af te sonder, dit was toe dat die Here weer aan hom verskyn het. Totdat hy dit gedoen het, het die Here weggebly van Abraham af. Maar toe hy ten volle gehoorsaam het, toe Lot . . . het God aan hom verskyn, Hy het gesê: "Abraham, slaan jou oë op. Kyk oos, kyk wes, kyk noord, kyk suid, dit alles behoort aan jou." Amen. Nou, ek hou daarvan.

73 En, weet julle, dis amper soos dit was toe ek gered is. Ek het altyd gehoor van God wat die groot God is. En, weet julle, toe ek gered is, ek . . . Iemand het gesê: "Nou al wat jy moet doen is aansluit by 'n kerk, en jou naam hier sit op die kerkrol by die Baptiste kerk. Dis al wat jy moet doen."

74 Maar, weet julle, eendag het ek gesien dat ek erfgenaam was van iets, dat ek—ek—ek daardeur wou kyk en sien wat ek het. Weet julle, ek is maar net so. Soos 'n—'n groot arkade, jy besit dit, en—en alles daarbinne behoort aan jou.

75 Jy—jy weet nie wat jy besit voordat jy aan kyk deur die Bybel, om die beloftes uit te vind nie. Amen. Hulle sal jou van hulle af weghou as hulle kan; maar hulle is joune. Elke belofte is aan Abraham en aan sy Saad na hom. Amen. Elke Goddelike belofte in die Woord behoort aan Abraham en sy Saad, en jy's erfgenaam daarvan. 'n Erfgenaam! O, goeiste! Ek wil graag deurkyk en sien wat ek het. As iemand my iets gee, kyk ek dit graag deur. En ek hou daarvan om deur die Bybel te kyk en te sien wat aan my behoort. Elke Saad van Abraham behoort dit te doen, wanneer jy wedergebore word, vervul met die Gees van God, en die Heilige Gees op jou, is jy 'n erfgenaam van elkeen van daardie beloftes.

76 Weet julle, dis soos ek gesê het, 'n groot arkade, want ons is gedoop in daardie arkade in. Deur een Gees word ons almal gedoop tot een Liggaam, en daardie Liggaam is Christus, wat die Koninklike Saad van Abraham is, en erfgename van alles wat daarin is. Amen. Alles wat in God was, het God uitgestort in Christus; alles wat in Christus was, het Hy uitgestort in die gelowige. Amen. God bokant ons, God met ons, en God in ons! Alles, elke belofte in die Boek, is joune as jy dit kan glo, as jy genoeg geloof het om dit te aanvaar en dit te glo.

77 Weet julle, kyk ek rond, en vind ek iets wat 'n bietjie te hoog is, wonder wat daarin is, sal ek vir my 'n leer kry en dit omskuif, en aanhou klim tot ek daarby kom. Dis die manier, 'n belofte in die Bybel, as enigiets lyk of dit soort van verborge vir my is, hou ek net aan bid tot ek dit bereik. Dis al. Dis hoe dit gedoen moet word. Hou aan bid, bly vashou, opklim, glo, totdat jy . . . Jy's erfgenaam daarvan, jy het 'n belofte daarvan, en jy het 'n reg daartoe, en: "Vra en julle sal ontvang, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo."

78 Nou ons vind uit dat Abraham die land bewandel het. God het vir hom vertel, gesê: "Bewandel die land, kyk dit deur. Alles hierin behoort aan jou. Elke stukkie daarvan is alles joune. Dit behoort alles aan jou."

79 Nou ons vind dan uit, dat, dat in die 14de hoofstuk van Eksodus nou of . . . 14de hoofstuk van Génesis, verskoon my. In die 14de hoofstuk van Génesis, is Abraham en Lot geskei, en het Lot uiteindelik in die moeilikheid beland. En jy sal dit altyd doen, wanneer jy jouself van gelowiges afsonder, sal jy in die moeilikheid beland. Ons vind uit dat die konings verenig het en hulle oorlog gemaak het. En hulle het daar gekom en hulle het Sodom ingeneem, hulle het Gomorra ingeneem, hulle het al hulle konings van die dale en valleie gevat, en alles, en Lot gevat. En net 'n paar mense het in die berge in ontsnap.

80 En toe hulle het, het iemand wat ontsnap het, gekom en vir Abraham die Hebreër vertel, gesê, dat: "Die Sodom het geval, en Gomorra, en hulle het al hulle konings gevat, en—ensovoorts, en het al die mense gevat, en hulle kosvoorrade en alles wat hulle gehad het. En hulle het Lot en sy vrou gevat, en sy dogters, al die vroue, en voortgegaan daarmee."

81 Nou, Abraham, let op hierdie Christelike gees wat agernasit vir sy broer. Selfs dat, alhoewel, Lot afgedwaal, teruggegaan het, tog het Abraham hom liefgehad. Hy het aangehou agtervolg.

82 Net soos Jesus, in die Laodicése Kerkeeu. Tog, hulle het Hom uit hulle kerk uitgesit. En Hy was aan die buitekant, geklop, geprobeer om weer in te kom. [Broer Branham klop sewe keer op die preekstoel—Red.] As Hy maar net iemand kon kry om 'n deur oop te maak sodat Hy kon inkom!

83 Daar is daardie gees van Abraham, sien, wat agter sy gevalle, vernederde broer aangaan. En hy het agter hom aangegaan, en hy het sy driehonderd diensknegte gevat en hulle bewapen. En hy het hom daar by Dan ontmoet; dis die verste punt daar van Palestina. En hy het hom daar ontmoet, en homself afgesonder in die nag, en agtervolg en die leërs aangeval, en die konings oorwin, en hulle doodgemaak, en het alles wat weggeneem was, teruggebring.

84 Let op, toe hulle teruggekom het, watter pragtige prentjie hier. Dis waarom ek dit graag soort van net 'n bietjie in voorskou wil neem, sodat ons kry die . . . voor ek kom by die teks van *Jehovah-Jireh*. As julle let op Abraham wat alles teruggebring het wat verloor is, sy afgedwaalde broer en die kinders, toe hy hulle teruggebring het, het die konings uitgekom om hom te ontmoet.

85 En Melgisédek het uitgekom: "Wat die Koning van Salem was (Vredevors), die Koning van geregtigheid, die Koning van Jerusalem; sonder vader, sonder moeder, sonder begin van dae, sonder einde van lewe." Melgisédek het hom ontmoet op die slag- . . . komende van die doodmaak van die koning, van Wie die aartsvader Abraham (Hebreërs 7) hierdie Man ontmoet het en 'n tiende betaal het, tiendes. Watter groot Man moes hierdie nie gewees het nie! Wie dink julle was dit? "Hy het geen vader gehad nie. Hy het geen moeder gehad nie. Hy het nooit begin nie." En Wie Hy ook al is, Hy lewe steeds, "Hy het nooit geëindig nie. Die Koning van Salem, Vredevors!" O, Wie was hierdie groot Man?

86 Let op watter tipe ons hier vind. Nadat die geveg verby is, na die—die ware gelowige die vyand beveg het, die linies afgebreek en probeer het om sy broer te vang, die ware Saad van Abraham wat daardie afgedwaalde broer terugbring, het Melgisédek uitgekom en wyn en brood bedien, nagmaal, gee nagmaal nadat die geveg verby is, het die nagmaal aan hom bedien na die geveg.

87 ’n Baie pragtige tipe van wanneer die geveg verby is, hier op aarde, die oorwinnings behaal is. Jesus het gesê: “Hulle sal dit opnuut eet in die Vader se Koninkryk, nadat die afgedwaalde teruggebring is. Dan is die eerste ding wat ons doen wanneer ons ingaan, nadat die stryd verby is, is gaan sit aan die tafel in die Koninkryk van God. En daar sal hulle wat geveg het, en gaan sit het en oorwin het, beklee word met die geregtigheid van Christus, en dan neem hulle weer die brood en die wyn, in die Vader se Koninkryk aan die anderkant. Watter ware prentjie is dit nie, van Abraham wat uitgaan en Lot kry en hom terugbring.

88 Nou vind ons dan uit, dat in die 15de hoofstuk, vind ons iets baie uitstaande hier. Ek—ek hou soort van hiervan, besonder baie, te sien wie Abraham nou is, en Abraham en sy Saad na hom. Ons vind hier, dat nadat Abraham al hierdie groot dinge gedoen het; God geglo, vasgehou aan die belofte, homself afgesonder, en aldeur die weg gevolg van—van die gebooie van die Here uit te voer; vind ons dat God aan hom verskyn het by die altaar. En Abraham het Hom die vraag gevra, hy het gesê: “Nou, wie is my erfgenaam buiten—buiten hierdie Eliëser van Damaskus? En nou het U my ’n Saad belowe. En ek—ek wil hê U moet iets doen; ek wil hê U moet hierdie belofte vir my bevestig.”

89 En God het gesê dat Hy dit teenoor Abraham sal bevestig, die verbond sal bevestig wat Hy tussen Hom en Abraham gemaak het. Nou Hy gaan aan hom ’n teken gee dat dit waar gaan wees. Dat, selfs al is hy oud, hy’s nou omtrent vyf-en-tagtig, maar nogtans gaan Hy vir hom bewys, deur ’n teken, dat Hy daardie verbond gaan hou.

90 O, ek’s so bly dat God altyd vir ons tekens gee, omdat Hy. . . Ons behoort te weet, vandag, dat die uur waarin ons nou leef, daar veronderstel is om ’n teken op die aarde te wees op hierdie tydstip. Ons moet soek na daardie teken. God doen nooit iets sonder om eers die mense ’n teken en ’n waarskuwing te gee nie. En ’n egte teken word gevolg deur ’n stem, en die stem is altyd ’n Skriftuurlike stem.

91 Nou gaan Hy die verbond bevestig met Abraham, of nog Abram. En Hy het gesê: “Neem vir jou ’n jong verskalf.” Nou, onthou, daar is ’n vroulike kalf. En neem ’n bokooi van drie jaar oud. “Elkeen moet drie jaar oud wees.” Let op, ’n drie-jaar-oue verskalf, vroulik; drie-jaar-oue bok, vroulik. “En ’n ram,” manlik. Elkeen drie, drie jaar oud, en daar is drie van hulle. Drie; sy, twee sy’s, en ’n hy. Sien? Drie-jaar-oud, skoon offerhande, ’n lam. . . ’n verskalf, ’n drie-jaar-oue bokooi, en dan ’n ram.

92 As julle oplet, alles daar bou op tot ’n teken. En nou is ek nie veronderstel om doktrine hier van die platform af te

verkondig nie, en ek is seker dis nagenoeg dat julle kan sien. Let op. En het twee, twee voëls geneem. "Een 'n duif, en een 'n tortelduif," wat dieselfde familie is, die duif en die tortelduif.

93 Nou hy het die bok gesny . . . die skaap in twee gesny. Hy het die—die ram en die bok, en die ander opgesny. Hy het hulle opgedeel, hulle in die helfte gesny, en hulle neergelê. Maar die duiwe, hy . . . en die duif, het hy nie opgedeel nie. Dit was, natuurlik, enigeen wat die Skrif ken, weet dis Goddelike genesing. Sien, dis in albei verbonde. En so vind ons hy het hulle ingelê. Genesing is altyd deur geloof in die gestorte Bloed, altyd. En die ou verbond het Goddelike genesing gehad, hoeveel te meer het die Nuwe Verbond dit nie? Sien? As die ou verbond dit voortgebring het, wat van die Nuwe een, wanneer: "Dit is 'n baie beter verbond, spreek van beter, hoër dinge, groter dinge, beter dinge"? Die Nuwe Verbond!

94 Nou ons vind hierin, dat Abraham, toe hy dit gedoen het, let dan op wat gebeur het. Nou hier is 'n groot, uitstaande punt. Ek wil nie hê julle moet—moet—moet dit mis nie. Die bevestiging van die verbond, met ander woorde, dis 'n belofte, dat: "Ek trou is aan wat Ek doen of wat Ek sê Ek sal doen," God wat dit teenoor Abraham bevestig.

95 En hy het daardie offerhandes gevat en hulle geslag, en hulle kop aan punt geplaas, saam, toe hy hulle neergelê het; en hy het die voëls van hulle af weggehou, sodat die voëls nie sou gaan sit op die vars vleis, totdat die son ondergegaan het, in die aand nie. En toe die son ondergegaan het, of aan die ondergaan was, het Hy Abraham hier gewys wat Hy in die toekoms gaan doen, wat sou gebeur. Let op, Hy het vir Abraham gesê.

96 Eerste ding wat hy gesien het was 'n ware afgryslikheid van duisternis het wat oor hom gekom het. Eers, het 'n baie diep slaap hom oorval. Nou, daardie slaap het dood vir alle menslike wesens voorgestel. Elke mens moet sterf; dood vir alle menslike wesens. Daardie slaap het oor hom gekom; en 'n—'n—'n ware afgryslikheid van donkerheid het dit voorafgegaan; en toe het 'n vurige oond gegaan; en toe het 'n klein brandende Lig tussen die verbond gegaan, tussen die offerhandes ingegaan, dit verdeel. Nou wat beteken dit? Dit beteken dat elke menslike wese moet sterf; en in werklikheid, verdien om, daarna, na die hel toe te gaan; dis reg, in duisternis, buitenste duisternis, afgesonder van God; maar die Lig het ingekom, en het tussenin gegaan, het daardie offerhandes verdeel. As julle verstaan, ons . . . Daardie verbond!

97 Soos ons Amerikaners, hoe maak ons 'n verbond? Wel, die eerste ding wat ons doen, ons sê, ons gaan een of ander soort besigheidsooreenkoms maak of iets, gaan ons gewoonlik uit

en eet; en gaan sit, praat 'n rukkie, en gee dan ons voorstelle; en dan skud ons mekaar se hande. Ons sê: "Skud daarop!" Dis ons verbond. Dis ons belofte.

98 Nou, in Japan, weet julle hoe maak hulle 'n verbond in Japan? Hulle het ook iets te ete; dan neem hulle 'n klein potjie met sout, en hulle gooi sout op mekaar. Dis bevestiging van die verbond.

99 Ons skud hande, sê: "Dis verseël, ou maat. Ek glo dit. Ek sal by jou hou. Dis 'n belofte."

100 In Japanees, Japan, gooi hulle sout op mekaar. "Dis verseël, maat. Dis die einde daarvan." Dis dan die einde van alle onenigheid. Hulle, hulle het die verbond gemaak, dit bevestig, deur sout op mekaar te gooi.

101 Maar in die ou dae. Kan ek een van hierdie kry? [Broer Branham tel 'n stuk papier op—Red.] In die ou dae, hier is hoe hulle 'n verbond gemaak het. Ons het 'n ooreenkoms opgetrek, en ons het die ooreenkoms gevat en dit so uitgeskryf. En dan het ons 'n dier doodgemaak, 'n offerhande; het dit verdeel, en dit uitgelê soos daar in Abraham se tyd gedoen is. En dan het ons tussenin hierdie verbond gestaan, ek en jy, en ons het 'n belofte aan God gemaak. "As ons nie hierdie verbond nakom nie, mag ons wees soos daardie dooie offerhande wat in ons plek gesterf het. Laat daardie bloed van daardie offerhande antwoord oor ons. Mag ons dieselfde dood sterf, as ons nalaat om die verbond te onderhou."

102 Dan word dit alles uitgeteken, of uitgeskryf, op 'n stuk papier soos *hierdie*. Dan word dit in twee geskeur, *so*. [Broer Branham skeur 'n stuk papier in twee—Red.] Nou vat jy een helfte, en ek vat 'n helfte. En nou, sien julle, jy kan dit glad nie dupliseer nie, veral nie as dit op 'n skaapvel geskryf is nie. Sien, jy kon dit glad nie dupliseer nie. *Hierdie* moet presies inpas *daarmee*, om dit so te maak. En dan wanneer ons bymekaar kom, dra ek een deel, jy dra die ander deel. En dan wanneer ons bymekaar kom, en hierdie verbond gemaak moet word, en ons beloftes betaal moet word, dan moet my stuk papier presies inpas by jou stuk papier, en daarom is jy die een wat in die verbond is met my.

103 Wat God daarop gewys het Hy sou doen, dat God Self sou neerdaal om vlees gemaak te word, en Hy gaan in die verbond wees. En God het Christus geneem, die Gees; God Jehova het Christus gevat, daar aan die kruis, en Hy het Hom in twee geskeur. Hy het Sy siel uitgeruk en dit Omhoog geplaas, en die liggaam geneem en dit in die graf gesit. En het die liggaam opgelig, in die môre van die opstanding; en het die Gees wat op Hom was, teruggestuur, om op die Kerk te wees. Dit, dieselfde bevestiging in hierdie laaste dae: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd," met daardie selfde verbond, sal in die mense moet wees.

104 Hoe gaan jy Dit deur geleerdheid kry? Hoe gaan jy Dit kry op enige manier behalwe ’n bevestiging van die lewende, opgewekte Jesus Christus wat opgewek is uit die dood en in die Majesteit Omhoog sit, vanaand? Met dieselfde Gees wat op Hom was, is op Abraham se Koninklike Saad, in die laaste dae, bevestig en bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Amen. Dit laat jou godsdienstig voel, dan nie? Daar is Hy, in die—die presiese verbond, reg, deur ’n Verbond in hulle harte. Jesus het gesê: “Die dinge wat Ek doen sal julle ook.”

105 Waar ons hier by Sodom kom, oor ’n paar minute, let op hoe dit is, hoe dit daar plaasvind, presies hoe die belofte vir die laaste dag is en wat Hy sou doen.

106 Hy het dit bevestig, getoon dat Hy. . . Hy het die liggaam van Jesus uitmekaar geskeur, die Gees geneem, die liggaam verhef tot die regterhand van die troon van God; en het die ander deel afgestuur, die deel wat Hy uitgeskeur het, die Gees op ons, wat die Heilige Gees genoem word. En die einste Lewe wat in Christus was, is in jou, wat toon dat Hy jou Verlosser is. Hy het jou aangeneem tot God, en nou is ons seuns en dogters van God, met die Gees van Christus. Amen.

107 “Werke wat Ek doen sal julle ook doen. Groter as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader.” Amen.

108 Die Gees wat in Hom was is op julle, Ewige Lewe. Hy is die gewer van Ewige Lewe. Hy’s ’n Verlosser, om terug te bring, dit wat geval het in die sondeval, in die menslike ras, om na God terug te bring. En die Gees wat in Christus was is in julle. En as die gees van ’n—van ’n Dillon in my was, sou ek vuurwapens hê. As die gees van ’n kunstenaar in my was, sou ek prente skilder. As die Gees van Christus in jou is, sal jy die werke van Christus doen. Amen. Dis reg. Die Lewe wat in Hom was, is in jou.

109 Plaas die lewe van enigiets na iets anders oor. As jy die lewe sou kon neem van ’n—van ’n pampoen en dit in ’n waatlemoenrank sit, sou dit pampoene dra, presies. Neem jy die lewe uit ’n perskeboom, en sit dit in ’n peerboom, sal dit perskes dra, omdat die lewe in die boom is, die bewys daarvan gee.

110 En dit is hoe die Koninklike Saad; deur Isak het die natuurlike saad gekom, wat Dit verwerp het. In die kruis, van Efraim na Manasse, is dit oorgedra, die seën van die regterhand na die linkerhand; of die linkerhand het aan die linkerkant behoort, die jongste na die oudste; daardeur het die hele situasie gedraai weg van die natuurlike saad van Isak, wat Christus verwerp het, en die natuurlike kerk vandag wat Hom steeds verwerp.

111 Maar die geestelike, Koninklike Saad van God wat glo, die Koninklike Saad van Abraham wat elke Woord van God

glo, daar is 'n bevestiging van 'n lewende, opgewekte Jesus Christus in hulle. Amen. Amen. O, goeiste! Sien, dieselfde as wat dit was, die hele Kerk moet verwant wees.

112 Toe dit getipeer is in die natuurlike saad, kyk, Isak en Rebekka was neef en niggie, bloedverwante, dieselfde vaders; sien, vaders was broers, dit het hulle eie niggie en neef gemaak, die bruid en die bruidegom.

113 En in Adam en Eva, was dit alles Adam, om mee te begin. God het 'n ribbebeen uit sy sy geneem en 'n vrou gemaak, en Hy het die vroulike gees uit Adam uitgeneem en dit in 'n vrou gesit.

114 Daarom wanneer 'n vrou manlik optree, is daar iets... is daar 'n verdorwenheid daar iewers. En wanneer 'n man 'n groot sissie wil wees, is daar iewers iets verkeerd. God het 'n man gemaak en hom beklee soos 'n man, en 'n vrou soos 'n vrou. Hy bly ewig vir hulle om so te wees. Amen. Wanneer julle hulle iets anders sien doen, is daar iets verkeerd. Dis verdraaid. En die hele ding het 'n klomp verdorwenes geword. Dis presies reg. Die hele ras, die hele geslag, dis "die hele ding is 'n verrottende seer," soos die Bybel gesê het. Daar is skaars verstandigheid êrens. Julle weet dis die waarheid. Jy kan skaars enigeen—enigeen onder hulle uit kry...Maar gaan uit op die straat, dis moeilik om 'n ware man te kry; sissies soos wat ek al ooit gesien het. En vroue, hulle dra broek, knip hulle hare, dra lipstiffie, rook sigarette, probeer 'n man wees. Waarvoor probeer jy 'n man wees? Jy's veronderstel om 'n dame te wees.

115 Ek het 'n bord gesien, het gesê: "Tafels vir dames," in 'n kroegkamer.

116 Ek het gesê: "Julle het nooit 'n klant gekry nie." 'n Dame sal nie na so 'n plek gaan nie. Nee, meneer. Nee, 'n dame sal nie. 'n Vrou mag dalk, maar nie 'n dame nie. Sy sal nie in so 'n plek ingaan nie. Maar daar is dit, sien.

117 God het afgeskei, gesny. Sien, die Liggaam, die Bruid van Christus, moet terugkeer reg tot by die eerste. Nou Eva was...

118 Wat was Eva? Sy en Adam was dieselfde. Hulle is Adam genoem. Hulle was gees. Toe Hy die mens gevorm het, die eerste keer, het Hy Hom na Sy Eie beeld gemaak. En God is 'n Gees. "Na die beeld van God het Hy hom geskape, manlik en vroulik het Hy hulle geskape." Hy was...en toe was daar steeds geen mens om die grond te bewerk nie. Toe het God die mens gevorm uit die stof van die aarde en hierdie tweeledige gees in hom geplaas, en dit was die eerste Adam.

119 Toe toe Hy Eva afgeskei het van Adam, het Eva geval deur die Woord nie te glo nie. Dis reg. Dis waar die kerk vandag gefaal het, om nie die Woord te glo nie!

120 Maar in hierdie geval, aan die Koninklike Saad, geroepe, voorbestemd tot die Ewige Lewe, die Koninklike Saad van

Abraham, hulle glo daardie Woord. Ek gee nie om wat kom of gaan, hoeveel hulle lag, wie *dit*, *dat*, of die *ander* sê nie; hulle is bestem vir die Ewige Lewe en sy gaan reg direk terug. Sy en haar Geliefde, Christus, is een. Die Lewe, die Gees wat in Christus is, is in die Kerk. Dis die Ewige verbond hier. Sien? God het die Gees van Christus geneem, dit uitmekaar geskeur, by die offer by Gólgota; en het daardie Gees geneem, het die liggaam verhef en dit geplaas aan die regterhand van die Troon van God en Majesteit Omhoog. Dit is, alles in die Hemel word deur Hom beheer. En toe het die Gees wat op Hom was, teruggekom; dieselfde Gees, nie 'n ander Gees nie, dieselfde Gees het op Hom gekom, om die verbond vir die Koninklike Saad te bevestig.

121 En in die laaste dae is ons veronderstel om dit te sien, volgens die Skrifte. En voor die Bruid van Christus ooit opgeneem kan word, moet daar 'n bediening wees wat net presies daarmee ooreenstem. Amen. Ek is so bly om te sê, vanaand, en dat ek weet dis die Waarheid. Amen. Ooreenstem, die verbond bevestig!

122 Hy het dit daar bevestig, hom gewys wat Hy gaan doen, het die verbond bevestig. Enige Bybelstudent weet dis waar Hy die verbond, aan Abraham, bevestig het. Wat het Hy gedoen? Getoon in 'n beeld, wat Hy sou doen, met hierdie offerhandes.

123 En nou word dit laat, en ek sal nie tyd hê om hierdie offerhandes te verdeel nie. Ek sal dit miskien môre-aand moet doen, maar, let op, wys wat hulle, wat hierdie offerhande beteken het. Maar, sien, Hy het dit bevestig, gewys dat in die laaste dae . . .

124 Nou enigeen wat ooit antieke geskiedenis gelees het, weet dat dit is hoe hulle 'n verbond gemaak het. Hulle het dit geskryf, dit dan deurgeskeur, en oorhandig; een het een stuk geneem, en een 'n ander. Hulle moes terugkom, oor 'n offerhande, hulle offerhande maak. Dis wat Abraham gedoen het aan die . . . daar in Gerar, ensovoorts, toe hy daarheen gegaan het, waar hulle die altaar geoffer het . . . hulle offerhandes geoffer het en hulle ooreenkomste gemaak het, en dit so deurgeskeur het. En God het dieselfde ding gedoen, daar getoon wat Hy sou doen aan A- . . .

125 Die vraag was: "Waar is—waar is hierdie Saad wat U my beloof het? Waar? Hoe gaan ek dit wees? Die mense lag vir my, sê: 'Abraham, vader van nasies, is al vyftien jaar. Jy's nou vyf-en-tagtig jaar oud, of—of negentig. Waar, waar, waar, waar is al jou kinders? Hoeveel kinders het jy nou, vader van nasies?'" Sien, gespot met hom. Maar hy het nie getwyfel nie. Hy het net daarby gebly. "'Gespot', gesê: 'Vader van nasies, nou laat ons sien, hoeveel kinders het jy op hierdie tydstip?'" Sien, wou spot, omdat hy aan God se belofte vasgehou het, geglo het dat Hy in staat is om na te kom wat Hy beloof het. Hy's—Hy's meer as in staat. Hy's . . .

126 Hy kan Sy Eie offerhande voorsien. Hy is Jehovah-Jireh. Hy kan voorsien en ’n weg maak vir wat Hy beloof het. En Hy het die verbond aan hom bevestig deur vir hom te toon hoe Hy dit gaan doen, Christus neem en die Lewe uit Hom skeur, en dit afstuur in die laaste dae op . . .

127 Nou ons sal dit klaarmaak in die Skrif, vandeesweek, om dit vir julle te bewys, dat hierdie verbond bevestig moet word met die Koninklike Saad van Abraham, wat die mense uit die Heidene is, nie Jode nie: “’n volk uit die Heidene, om Sy Naam’s ontwil,” neem dit vir Sy Naam. Die Kerk wat Sy Naam het sal terugkom in Hom in, omdat dit is wie Sy is, haar Lewe.

128 Luister, toe op die Pinksterdag, toe die Heilige Gees geval het op die Pinksterdag, is die Lewe aan die Kerk gegee. En daardie Kerk wat reg uitgegaan en voortgebring het, hulle het na daardie Kerk ’n Boek van Handelinge geskryf, oor wat Dit gedoen het, omdat dit Christus in die apostels het.

129 Nou Jesus het gesê, in Johannes 15: “Ek is die Wynstok, julle is die lote.” Nou, die Wynstok dra nie vrugte nie. Die loot dra vrugte. Dit word energie gegee deur die Wynstok. Wel, nou, as daardie tak, eerste een wat uitgekom het op daardie boom, ’n Boek van Handelinge voortgebring het; as dit ooit ’n ander tak uitstoot, sal dit dieselfde Lewe wees.

130 ’n Paar maande gelede, het ek saam met my goeie vriend, John Sharrit, daar in Phoenix gestaan. Ek woon in Tucson, soos julle weet. En so is ek daar na Phoenix, Broer John Sharrit, baie goeie Christen-broer. En hy was regtig, regtig arm, en die Here het hom geseën. En—en toe ek die eerste na Phoenix toe gegaan het, jare gelede, het hy geen kinders gehad nie. En hy—hy wou kinders gehad het. En—en hulle, arm, werk daar in die straat, breek beton, omtrent vyf-en-twintig, dertig sent per uur. En hy het daar aangekom, en hy het elke Woord van die Boodskap geglo. En hy het gesê: “Sal jy vir my bid?” Hy het nou vyf kinders.

131 En dit, behalwe daarvoor, gee hy ongeveer drie tot vier miljoen dollar elke jaar vir die saak van Christus. En dis reg. Ek was by hom hier, nie lank gelede nie, gekyk na sy katoenplaas. Hy het ’n hele distrik gekoop, het vyftienhonderd Mexikane gehad wat daarna kyk. En het, vyftien jaar gelede, beton stukkend gekap, vir vyf-en-twintig sent per uur.

132 Hy het my daar in sy groot sitrusboord ingeneem. En ek het die boom gesien wat die snaakste lyk, daar, wat ek ooit in my lewe gesien het. Dit was ’n soort boom, dit het allerhande soorte vrugte daaraan gehad. En ek het gekyk, en dit het lemoene gehad, dit het suurlemoene gehad, dit het pomelo’s gehad, dit het naartjies gehad, het tangelo’s gehad. Ek dink daar was omtrent nege verskillende soorte vrugte, of tien. En ek het gesê: “Watter soort boom is dit?”

133 "O," het hy gesê: "dis net 'n eksperimentjie, Broer Branham."

134 Ek het gesê: "O, ek sien." En ek het gesê: "Lewe hulle almal op daardie een boom?" Ek het gesê: "Watter soort boom was dit, in die begin gewees?"

135 Hy het gesê: "Dis 'n lemoenboom. Dis 'n navel-lemoen."

136 En ek het gesê: "Is dit?" Ek het gesê: "Wat maak hierdie ander kêrels daarop?"

En hy het gesê: "Hulle is daarop geënt."

137 Ek het gesê: "O, ek sien." Ek het gesê: "Ek verstaan." Ek het gesê: "Nou, nou volgende jaar, sal alles terugverander in 'n lemoen, sal dit nie?"

138 Het gesê: "O, nee." Gesê: "Nee, die suurlemoen sal 'n suurlemoen voortbring." Hy het gesê: "Die . . . en die pomelo sal 'n pomelo voortbring, en die naartjie sal 'n naartjie voortbring."

Ek het gesê: "Uit 'n lemoenboom uit."

Hy het gesê: "Ja, meneer."

Ek het gesê: "Ek kan nie sien hoe dit kan wees nie."

Het gesê: "Dis alles sitrusvrugte."

Ek het gesê: "Wel, prys die Here! Ek sien iets."

139 Kyk! O, broer, toe daardie Heilige Gees opgekom het in daardie Wynstok, en van sy Wynstok voortgebring tot sy eerste loot, en hulle 'n Boek van Handelinge daarna geskryf het. As daardie boom ooit nog 'n oorspronklike tak voortbring, sal sy dieselfde ding dra. Dit sal Jesus Christus wees. Nou het ons Metodis, Presbiteriaan, Baptis, Lutheraan, wat nog daarop geënt, dra denominasionele vrugte; maar as dit ooit 'n ander loot voortbring, sal sy 'n egte, Christus-vervulde, Christus-gesentreerde Woord van God wees.

140 En, onthou, julle onthou *Die Bruid Boom*-boodskap. Baie van julle neem die band. Hoedat die eggenoot uitgekom het, en dit die verkeerde soort vrugte gedra het, hy dit toe afgesny het, afgesny het, dit bly terugsny, terugsny het. Maar Joël het gesê: "Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter verslind; wat die afknyp- . . . kaalvreter laat oorbly het, het iets anders verslind." Ons vind uit daardie insekte is dieselfde insekte, net in 'n ander stadium. En wat die Lutheraan laat oorbly het, het die Metodis verslind; wat die Metodis laat oorbly het, het die Baptis verslind; wat die Baptis laat oorbly het, het die Pinksters verslind. Die hele ding is afgesny.

141 Maar God het gesê: "Ek sal herstel, spreek die Here, al die jare. Ek sal 'n ander Kerk terugstuur, in die laaste dae. Ek sal daardie oorspronklike Krag weer herstel. Ek . . . In die aandtyd, sal dit Lig wees." Daar in die hart van daardie boom, maak nie

saak hoeveel takke afgesnoei is nie, daar sal die Koninklike Saad van Abraham na vore kom! Halleluja! God het dit belowe. God sal dit doen. Hy het gesê Hy sal dit doen. "Ek sal al die jare vergoed wat die denominasies geëet het. Ek sal al die jare vergoed. Ek het die ding afgesnoei, maar tog sal daar 'n Wynstok uit die hart daarvan uitkom. Hy sal wees soos 'n boom wat by die waterstrome geplant is, 'n man wat die Woord van God bedink, dag en nag," nie tot 'n geloofsbelydenis of denominasie nie, "maar die Woord oordink, dag en nag. Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by die waterstrome; takke sal nie verwelk nie. Hy sal sy vrugte voortbring op sy tyd." God het dit beloof.

142 God wat losskeur, o, ja, uitmekaar sny, Homself skei, Homself verdeel. Hy het dieselfde ding gedoen op die Pinksterdag, toe die Heilige Gees neergedaal het. Daardie Vuurkolom het afgekom, wat Israel gevolg het, ons weet almal dit was die Logos, dit was Christus. En toe Dit neergedaal het op die Pinksterdag, wat het Dit gedoen? Dit het Homself verdeel, en Vuurtonge het op elkeen van hulle gaan sit. God wat Homself verdeel onder die mense. O, broer, jy kan nie onverdeeld wees, met dieselfde Gees wat in Christus was nie.

143 "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Groter as dit, of *meer* as hierdie," die regte vertaling: "want Ek gaan na die Vader. Nog 'n klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek," persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot by die endtyd, die voleinding." Hy het beloof om dit te doen. Die Saad van Abraham, Hy's nou hier. Hy's . . .

144 Ons vier hier, 'n paar dae gelede, die opstanding van Hom, dat God Hom opgewek het. Ons getuig daarvan. Ons sing dit. En sou Hy verskyn en iets doen wat Hy gedoen het, net soos Hy gedoen het voor Sy opstanding, sou ons dit noem: "'n fortuinverteller, 'n duiwel, 'n Beëlsebub," dit uit die kerk uitsluit. Waarom doen ons dit? Moet die Skrif vervul, dat, in die Laodicése Eeu, die Woord, wat Christus is, aan die buitekant gesit is; [Broer Branham klop vier maal op die preekstoel—Red.], klop aan die deur, probeer 'n bietjie samewerking êrens vandaan kry, kom in en maak Homself bekend.

145 Maar daar sal 'n loot Daaruit kom, net so seker as enigiets!

146 Ek het vir Broer Sharrit gesê: "Watter soort tak sal dit dan volgende daar voortbring? Sal dit 'n lemoen wees? Sal dit 'n suurlemoen wees? Sal . . ."

147 "Ja, dit sal die oorspronklike wees," het hy gesê. "Wanneer dit 'n tak uit sy eie voortbring, sal dit 'n lemoen wees, net soos wat dit aan die begin was."

148 En wanneer die ware, lewende Saad van Abraham opkom, sal daardie selfde Gees wat in Jesus Christus was onder hulle

leef, elke Woord sal beklemtoon word met 'n "amen." [Broer Branham klop vier maal op die preekstoel—Red.] Hulle glo Dit. Nie: "*Dit* is geïnspireerd, en *Dat* is nie geïnspireerd nie," nie. Hulle glo die hele Ding, omdat Dit die Woord van God is.

149 Glo julle Dit, vanaand, met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek glo dit.

150 Ek het nou hier gepreek totdat dit lankal tyd geword het. Laat ons ons hoofde net 'n minuut buig. En ek sal dit môre-aand klaarmaak. Ek het belowe ek sal julle nie so laat hou nie.

151 Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir 'n bevestigde. Dit het dit afgehandel vir Abraham, toe hy dit deur geloof gesien het, net voortgegaan het, nie in ongeloof getwyfel het nie. Hy het nie getwyfel nie. Wat nou van Sy Koninklike Saad, ons wat aanspraak maak, ons Christene van vandag, wat beweer ons kus dieselfde beker waaruit Hy gedrink het, het Sy selfde Gees binne-in ons, en sien Hom Sy belofte van hier by ons te wees, bevestig?

152 Die belofte, om dit te laat vervul, dit was nooit in al die eeue so nie. Ons het dit nooit tevore gehad nie. Deursoek die geskiedenis. Nooit het dit verskyn nie. En waar het Dit veronderstel om in die laaste dae na toe te gaan? Na die uitverkore Kerk. Nie na Babilon, nie na Sodom nie; hulle het 'n boodskapper daar gehad. Maar die Heilige Gees is die Boodskapper aan die uitverkore Kerk, vanaand, God wat in menslike vlees woon, Homself toon, die Onderskeier, die Woord wat die gedagtes en voornemens van die hart onderskei. "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hy is Jehova-Jireh. Hy het alreeds ons Offerhande voorsien, bevestig Sy verbond. Hy onderhou Sy verbond, in die laaste dae, met die mense.

153 Vriende, ons sou hier heelnag kon praat. Dinge wat gesê is, daar is genoeg gesê. Daar is mense hier wat siek is; julle het genesing nodig. Waarom glo julle Dit nie? As ek julle kon genees, sou ek dit doen. Wees in gebed. As ek julle kon genees sou ek dit gedoen het. Ek kan julle nie genees nie. Ek's. . .Julle let op, ek gee die diens hier, die eerste aand of twee, hier, oor bid vir die siekes. En dis nie net daarvoor nie. As daar enige Saad hier is wat bestem is tot die Lewe, sal die Heilige Gees dit aangryp. Hulle sal dit sien. Hulle sal dit herken. Nou Hy's. . .

154 Hoeveel hierbinne sal julle hande opsteek, voor God, en sê: "Ek glo dit met my hele hart, dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd; dat Hy opgestaan het uit die dood, en Hy lewe vanaand tussen ons, toon dat Hy tussen ons is, en ek glo dit is van God"? Sal julle julle hande opsteek, en sê: "Ek glo dit waarlik"?

155 Nou, Hemelse Vader, hulle is in U hande. Hulle is. . .Hulle maak aanspraak daarop dat hulle die Saad van Abraham is.

Hulle—hulle wil, hulle—hulle wil die seëninge van God hê. En nou het ek hulle vertel, op hierdie eenvoudige, klein manier. Ek het begin met my teks, en het dit nie klaargemaak nie. Maar, Vader, hulle—hulle sien hier, in die bevestiging aan Abraham, dat U die belofte aan hom bevestig het, hom die bevestiging gegee het. Nou as die—as die Gees van Christus nie in ons is nie, dan is ons niks van Christus nie. En Christus se aard kan nie verander word nie.

156 En Hy het wel vir ons gesê, en belowe hierdie dinge volgens die Bybel, op baie plekke. Selfs die Ou Testament het dit belowe, in Maleági 4, dat hoe dit in die laaste dae sou wees: "Sou die harte van die kinders terugbring na die Geloof van die vaders," soos die pinkstervaders, die oorspronklike Doktrine van die Bybel, die oorspronklike Woord, dit wat Dit sou doen. En daar sou 'n teken wees, en hierdie teken sou bevestig, bevestig word deur die Stem wat dit sou volg, dat U hier is. En ons glo U.

157 Nou, Vader, mag—mag Satan uitgaan. Ons—ons glo nie dat ons enige krag het nie, Here. Ons maak nie aanspraak daarop om krag te hê nie. Ons maak aanspraak daarop om gesag te hê.

158 Ons besef, die klein polisieman op die straat, met 'n petjie wat op sy kop sit. Van groot motors wat daar met daardie breë strate langs swiep, teen negentig myl per uur, met driehonderd perdekrag enjin, hy het nie krag om een van hulle te stop nie. Hulle sou hom sommer platloop. Maar laat hy net daardie wapen wys, en sy hande opsteek, sal remme skree en bande gons. Die gesag. Die hele stad is agter hom. Hy het gesag nie krag nie. Hy weeg dalk nie honderd pond nie, maar hy het gesag.

159 En dis hoe dit vanaand is, Here. Ons kom by Satan, nie met krag nie, maar met die gesag, vertoon die Bloed en die bevestiging van die verbond. Hy het geen reg om hierdie siek mense te bind nie, aanskou hulle en sien hulle dit hier uitsweet.

160 O God, as daar 'n wyse is waarop ek maar net die Boodskap by hulle kan kry! As hulle maar net kon sien, Here, maar kon besef! Maak hulle wakker, Here. Eenkeer nou, vanaand, laat hulle sien dat U dieselfde God is. U bevestig U Woord. U hou Dit net soos U beloof het. In hierdie laaste dae, het U gesê hierdie dinge sou gebeur: "Wanneer die Seun van die mens geopenbaar word," dat hierdie dinge sou plaasvind. Skenk dit, Here, en laat hulle sien dat dit U is. In Jesus se Naam, bid ek. Amen.

161 Glo nou, vriende. Julle is so 'n aangename gehoor. Ek het sommer oor my tyd gegaan, sien, en ek—ek het nie bedoel om dit te doen nie. Ek het hulle gesê ek . . . ons sal betyds uit wees, vanaand, maar ek het nie daarin geslaag nie omdat ek . . . En ek sal my teks môre-aand klaarmaak, miskien, as die Here wil.

162 Nou hier is ons. Julle is mense. Ons is almal net menslike wesens. Ons wil leef. Elkeen wil sy tyd uitleef. Ek glo God wil hê ons moet dit doen. Ek—ek glo dit wel. Nou, dit is nie omdat daar geen Balsem in Giléad is nie.

163 Weet julle, daar is eenmaal gesê: "Waarom, waarom is dit? Is—is daar geen balsem in Giléad nie?"

164 "Is daar geen profeet daar nie?" Jesaja het gesê, of, ek bedoel Elía het gesê: "Gaan vra hom: 'Is dit omdat daar geen profeet in Israel is nie? Waarom gaan jy daar na Ekron toe, die god Baäl-Sebub? Waarom, wat, gaan julle soontoe?' Hy wat 'n Jood is: 'Waarom gaan jy soontoe?'"

165 Het gesê: "Is dit omdat daar geen balsem in Giléad is nie, daar geen geneesheer daar is nie? Is daar? Is dit die rede?"

166 Is dit die rede? Nee, Meneer. Ons het Balsem. Die Heilige Gees is hier. Ja, meneer. Die belofte is ons s'n. Nou julle moet dit net glo. Julle . . .

167 Dis 'n dag tot waar mense se gemoed so verstrooid is, hulle doen nie . . . Ek is jammer vir hulle. Hulle weet nie wat om te glo nie. Een sê *dit*, en een sê *dat*. "En laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne waar wees," het die Here God gesê. Dis reg. Nou Hy kan nie Sy aard verander nie.

168 Nou, ek meen ons het gisteraand gebedskaart een begin (was dit nie?), en opgeroep tot by omtrent twintig, of so-iets. Huh? Laat ons sommer daardie prosedure verander. Laat ons glad geen gebedskaarte hê nie. Ja, bid julle net. Weet julle, 'n gebedskaart laat jou net hiernatoe kom.

169 Maar ek voel Sy Teenwoordigheid, so ek weet net Hy is hier. Hoeveel het ooit 'n foto van daardie Engel van die Here gesien? So help my, wanneer ek julle by die Oordeel ontmoet, Dit is nie twee voet van waar ek net hier staan nie. Dis reg. Dis hier.

170 Nou iemand wat nie gebedskaarte het nie, steek op jou hand, sê: "Ek het nie gebedskaarte nie, en tog is ek siek en behoeftig." Wel, dis net oral. Goed.

171 Nou ek sal julle sê. Wat het daardie Engel daar gedoen daardie keer? Hy het Sy rug gedraai, het Sy rug gedraai gehad na Abraham. Waarby, ek wou uitkom, vanaand, en dit nie gedoen het nie. En waar Hy gesê het: "Dit sal dieselfde ding wees met die koms van die Here, as wat dit by Sodom was." Ons vind uit, Hy het Sy rug gekeer gehad na die tent. En Sara het gelag oor wat Hy gesê het, want Hy het hom vertel. En sy kon nie verstaan dat dit, wat maar net 'n Mens was daar, het die vleis geëet wat sy gebraai het, die melk van die koei gedrink, en haar kalf geëet, en dit God was nie.

172 Die Bybel het gesê dit was. Abraham het gesê dit was: "Elohim." Dis reg. "Elohim," *God*. Hy het reg voor Abraham verdwyn. En "God," het Hom genoem: "Here God, Elohim, algenoegsame Een."

173 In die begin, word dieselfde woord gebruik. Enige student weet dit. "In die begin *God*," kyk na die Hebreeus: "Elohim."

174 Let op toe Abraham gesê het: "Here God, Elohim," selfde Mens, selfde Persoon, toon dat God Homself in menslike vlees sal manifesteer, aan Abraham se Saad, om die verbond te bevestig, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het (sien julle dit?), selfde ding wat Hy daar gedoen het. Hy is altyd 'n profeet wat die gedagtes en voornemens van die hart onderskei. Omdat, hoeveel weet die Bybel het dit gesê? "Die Woord van God onderskei die gedagtes wat in die hart is." [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

175 Nou as God ten minste drie mense hierbinne sal neem, vanaand. Nou dit is 'n uitdaging. As enigeen dink dit nie so nie, kom doen julle dit. As hulle dit nie doen nie, moet dan niks daaroor sê nie. Sien? Nou, let op, neem ten minste drie mense, (drie is 'n bevestiging), wat totale vreemdelinge is, en as die Heilige Gees . . . As julle net sal glo, dis al wat ek julle vra om te glo, om te doen, is om te glo dat *hierdie* Bybel die Waarheid is, en ons lewe in die laaste dae, en dit is die belofte vir die laaste dae.

176 Onthou, Abraham, of niemand anders, het enige ander teken gesien tot die beloofde Seun op die toneel verskyn het nie. Abraham het allerhande soorte tekens en dinge gesien, tot voor dit, maar dit was die laaste teken. Hy sal dit nooit verbreek nie; die kontinuïteit van God. Die Saad van Abraham, dis hulle laaste teken. Sien? Dit was die laaste. God! Hy het geweet, net daar, dit is Elohim. En Jesus het reg teruggekom en gesê dit sal so wees, en hier is ons net hier vandag daarby, dieselfde ding.

177 Mense, dis Waarheid. Ek weet, in twyfel, julle is 'n bietjie gebore . . . Hy het gesê: "Wel, dit was altyd so." Hy is gebore in 'n krip. Daar was skaars enigeen wat Hom wou glo. Maar dis net daardie Saad wat glo, wat bestem is tot die Lewe, is al. "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Dis reg. Hoef nie bekommerd te wees daaroor nie. As hulle naam daar is, sal hulle dit sien. En hoe? Hulle sal dit doen.

178 Nou, sien, net die idee, ek—ek sou kon bid en hande op julle lê. Ek gaan daaroor praat, veral op Sondagmiddag. Maar ek—ek wil hê julle moet sien dat julle julle hande op Hom kan lê. "Hy is die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die meegevoel met ons swakhede." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dit. En nou as Hy dit sal doen . . .

179 Ek—ek ken wel iemand hier. Ek het toevallig daar gekyk, en ek sien twee of drie van my vriende net daar sit, wat 'n prediker is, 'n paar van hulle daar. En een van hulle met sy kop onderstebo, die Here het pas nog sy seuntjie genees, van harsingskudding, vandag, het my per telefoon gebel.

180 En—en 'n ander man daar, en sy babatjie, nou die aand, hulle het gedink sy is dood. En ek was in Beaumont. En ons het gebel, daarheen gegaan. Hy het sy hande op my gelê, begin huil, gesê: "Broer Branham, die Woord van die Here is met

jou. Vra Hom net." Op daardie einste oomblik, het die babatjie teruggekom na die lewe, en weer begin lewe. Daar sit die vader net daar, 'n prediker.

181 En hierdie man, 'n verongelukte motor, en het hom deur die een of ander ding gegooi, en oorkant in 'n sloot in, en sy klein harsings geskud, en dinge. Die Here het hom genees, volkome normaal. Hulle het geglo. Hulle het absoluut . . .

182 Nou moenie sê ek het dit gedoen nie. Ek het niks daarmee te doen gehad nie. Hulle geloof in God, dit is wat dit gedoen het. Sien? Julle moet geloof hê! Alle . . .

183 Jesus het gesê, in Markus 11:22: "Watter ding ook al! As julle vir hierdie berg sou sê: 'Beweeg,' en nie in julle hart twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het, sal gebeur, kan julle kry wat julle gesê het." Maar daar is dit, sien. Dis nie 'n hoop nie; dis 'n "weet dit."

184 En as Hy Homself lewend kan bewys, die Een wat die belofte gemaak het kan bewys Hy is lewend, en niks anders in die wêreld kan dit doen nie. Word wakker! Skud jouself, baie hard, jou gees. Sien? Niks ter wêreld kan dit doen behalwe God nie.

185 Nou jy kan—jy kan oordeel dis 'n bose een, as jy wil. Hulle het Hom boos geag, so hulle kan steeds Sy Gees boos ag. Hulle het gesê: "Hy is 'n duiwel, wat dit doen." Wel, natuurlik, hulle het hulle beloning gekry.

186 Glo julle maar net. Julle kan nie genees nie. Ek kan nie genees nie. Daar is geen mens wat kan genees nie. God is die geneser.

187 Maar as jy net kan besef dat die einste Een wat jy dien, en jouself afgesonder van die wêreld om te dien, die einste Een wat jy liefhet; die einste Een wat in die Oordeel gaan staan, jy in die Oordeel saam met Hom, om geoordeel te word, as Sy Teenwoordigheid tot reg hier kan kom en toon dat Hy hier is!

188 Nou Sy vleeslike liggaam kan dit nie doen nie. Wanneer dit kom, is tyd verby. "Soos die weerlig van die Ooste na die Weste kom, so sal die koms van die Seun van die mens wees." Maar, Sy Gees!

189 En die Kerk het gekom, kyk hoe het dit opgekom; deur regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees; en nou reg in die wegrapingstyd, om die Kerk gereed te maak. Presies net soos dit belowe het, net soos die Kerkeeue uitgelê is, en ons het dit gesien, alles wat reguit afkom, en reguit afkom.

190 Pinkster is die laaste organisasie. Dis volgens die Skrif. Dit sal laaste organisasie wees, verwerp met die res van hulle; dis waarom daar 'n organisasie is. Geen organisasies is aanneemlik vir God nie. Dis 'n . . . Dis indiwidue, is diegene wat aanneemlik is vir God.

191 Nou kan julle nie Sy Teenwoordigheid nou hier glo nie? Ek's net julle broer, en is nou gestuur, dat God my gesê het om dit te kom doen. Daarom, glo ek Hom. En as dit nie in die Woord geskryf was, vir hierdie eeu nie, sou ek weggestap het daarvan. Enigiets wat nie in daardie Woord is nie, dit glo ek nie. Ek—ek sal dit nie aanvaar nie. Ek sê nie ek sal dit nie glo nie, maar ek aanvaar dit nie; ek verstaan dit nie. Maar wanneer dit in hierdie Woord is, en 'n belofte vir hierdie eeu, verstaan ek dit. En julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Mag die Here ons nou help. En julle moet net. . . Reik julle nou na bo, deur geloof, glo dat in die. . . ons teenwoordigheid. . . Ons nou in Sy Teenwoordigheid is, liewer, is daardie selfde Jesus wat daardie belofte gemaak het.

192 En in die Bybel hier, die geïnspireerde Paulus, wat die openbaringe in sulke voortreflikheid gehad het dat hy senuweeagtig gemaak is: "En probleme gehad het in die vlees, sodat hy nie verhewe raak bo die voortreflikheid van die openbaringe nie." Sien, hy het die Bybel geskryf, hy was so geïnspireerd. Hy het die Boeke van die Bybel geskryf. Soos Moses, was hy 'n profeet. So hy, die Woord het na hom gekom, en hy het Dit geskryf, en is toegelaat in die Skrifte, heilige Geskrifte. Nou hy is die een wat—wat—wat sê die. . . dit glo, hierdie dinge geleer het.

193 Nou onthou dat Christus opgestaan het uit die dood en onder ons is. En kry dit in jou gemoed, Christus het opgestaan uit die dood en is onder ons.

194 Nou, ons het allerhande soorte groot dinge gesien, en uitroepe en lofbetuiging van God; alles goed. Ons het in tale gespreek en geprofeteer, en alles. Ons het dit alles gesien. Dis goed. Dit kom reg saam Daarmee.

195 Maar, onthou, die laaste ding is Sy Goddelike Teenwoordigheid, die Woord Self. Hy is die Woord. Die Hoof, die Woord. Dit kom na die liggaam. Sien? En toe het daardie Woord, in Hebreërs die 4de hoofstuk, gesê: "Die Woord van God is skerper, kragtiger as 'n tweesnydende swaard, en 'n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." Nou neem daardie Skrif en volg dit reg terug van die begin van die profete, volg dit reg af tot by Jesus Christus, en kyk of dit nie dieselfde ding is nie, dieselfde ding, dat Hy geken word as die Messias.

196 Nou dis nie een of ander mens hier wat die Messias is nie. Dis die Heilige Gees wat die Messias is. Christus en die Heilige Gees is dieselfde ding, so hier is Dit nou hier wat net in die vlees werk, die Liggaam gereedmaak vir die wegrapingsgenade. Glo dit, vriende.

Here God, laat dit asseblief vanaand gebeur.

197 Nou in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, tot die glorie van God. Ek sê dit sodat julle sal verstaan. Sien, julle moenie. . .

198 As jy twyfel, jy—jy, dis nie goed om baie lank te bly nie, want baie mense wat hier sit, het, ongetwyfeld, gesien wat soms met ongelowiges gebeur. Dit sal van die een na die ander gaan, soos dit in die Bybel gemaak het.

199 Hoeveel van julle hier wat bid, weet dat ek 'n vreemdeling is, niks van julle af weet nie? Steek julle hande op, dat julle bid, so julle weet ek weet nie iets van julle nie.

200 Jy, daardie man wat daar sit met die swart das aan, wat na my kyk net hier.

201 Nou kyk. Sien daardie Lig? Kan julle Dit nie sien nie? Net 'n amber, goud-groen Lig hier!

202 Glo jy ek is Sy dienskneg, meneer? As God aan my kan openbaar wat jou probleem is, glo jy, sal jy my met jou hele hart glo, sal jy glo dit was God? Sal jy dit doen? Sal jy glo jou genesing sal kom? Het jy 'n gebedskaart? Nee, jy het dit nie. Jy het dit nie nodig nie. Jou probleem is in jou oor. As dit reg is, steek jou hand op. Dit was in jou oor; dit is nie nou nie, as jy dit glo. Ek ken nie die man nie, hom nog nooit gesien nie.

203 Nou hier sit 'n man langs jou. Hy bid soort van. Hy bid oor iets wat met hom verkeerd is. Kyk na my, meneer. Het jy 'n gebedskaart? [Die broer sê: "Nee."—Red.] Jy het nie. Glo jy ek is God se dienskneg? ["Ja."] Glo jy wat ek jou gesê het, die Waarheid? ["Ja, meneer."] Glo jy dis die Teenwoordigheid van Jesus Christus? ["Ja, meneer."] Glo jy jou rug gaan van nou af reg wees? Glo jy dit? Steek op jou hand. As julle sal glo! Sien?

204 Nou vra die man. Ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie. Hy het nooit aan my geraak nie. Hy is twintig voet van my af. Wat het hy aangeraak? Dit vervul die Skrif. Hy het die Hoëpriester. Hy het daar gesit en bid om genees te word. Sien, hy het die hoëpriester aangeraak wat geraak kan word deur meegevoel met ons swakhede. Sien?

205 Nou, wat dink jy, jongman wat daar agter sit, 'n jong kêrel wat so reguit na my kyk? Glo jy God het daardie nierprobleem genees wat jy het? Jy glo? Steek op jou hand, as jy dit glo. Wil jy daardie gewoonte los wat jy het, ook, daardie sigarette weggooi? Wuif jou hand *so* as jy wil. Sit dit dan neer en vergeet dit. Jesus Christus het jou genees. As jy kan glo!

206 Reg oorkant jou, sit daar 'n dame met 'n bril op. Sy ly aan senuwees. Glo jy dat God jou sal genees, dame? Steek jou hand op as jy dit glo. Goed.

207 Sal jy my 'n guns doen? Daar sit 'n dametjie reg langs jou, ly aan 'n vroulike probleem, damesprobleem. Dis reg, dame. Steek jou hand op, as dit so is. Vloeïng. Lê jou hand daar op haar, dat sy gesond sal word, want sy glo.

208 Sê, dan sit langs haar, een, twee, daar is Dit regoor daardie ander dame wat reg langs haar sit. Sy ly aan haar bene, probleem met haar bene. Glo jy dat God jou bene sal genees? Steek jou hand op. Daar is dit. Sien?

209 Glo julle Hy is Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

210 Glo jy, wat daar sit? Reg agter hierdie man wat hier voor sit, die dame wat *hier* sit? Glo jy dat God...Jy het twee gevaarlike dinge. Een van hulle is kanker; die ander een, dis artritis. Glo jy dat God jou sal genees. As jy sal, steek jou hand op en sê: "Ek—ek glo." Goed, glo.

Glo julle? Hy bevestig die verbond.

211 Hier sit 'n dame hier wat na my kyk, reg agter hierdie man. Sy het 'n rooierige rok aan van een of ander aard. Rooi, *hierbo*; 'n trui, kan dit wees. Sy is te ver; dis dof daar. Na, sien, dit maak jou so swak, die hele ding begin net soort van 'n melkerige kleur word rondom deur die vertrek.

212 Maar, daar, staan bo-oor haar. Sien julle daardie Lig? Sy bid oor iets. As Jesus Christus aan my sal openbaar waaroor jy bid, sal jy met jou hele hart glo? Sal jy? Ek is 'n vreemdeling vir jou, en jy's 'n vreemdeling vir my. Maar jy het in aanraking gekom met die Hoëpriester, want die sein wat Hy my gee is regoor jou, sien, sien, die teken. Ek weet dit is.

213 Jy het 'n geweldige senuwee-probleem waaraan jy ly. En ook het jy 'n kropgeswel op die keel, waaraan jy ly. As dit reg is, steek jou hand op.

Julle sê: "Jy kan dit sien."

214 Goed, jy kom...Jy's nie hiervandaan nie. Jy kom... Jy's nie van hierdie land hier, hierdie plek nie. Jy kom van Memphis. Dis reg.

215 Die dame wat langs jou sit, sy kom ook van Memphis. Glo jy met jou hele hart, dame? Glo jy dat God jou kan genees? Glo jy ek is Sy profeet, of Sy dienskneg? Dit laat mense struikel, sien. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Glo jy dis God wat hierdie praatwerk doen? Jy weet ek sal niks omtrent jou weet nie. Jy glo dit sal dan God wees? Goed. Glo jy met jou hele hart. En het, waaraan jy ly, jy het 'n...jy het ook 'n probleem met jou keel. En nog 'n ding, jy het 'n knoop, 'n gewas in jou sy. Glo jy dat God my kan sê in watter kant dit is? As dit is, steek jou hand op as ek jou die waarheid vertel. Dit is in die regterkant. Sien? Sien? Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Sal dit jou help? Jy is Mev. Cox. Dis reg. Sien? Gaan terug, sien.

216 Glo julle? Glo julle almal nou? [Gemeente juig en sê: "Amen."—Red.] Sien, dis die bevestiging van die verbond aan die Saad van Abraham, as julle kan glo! Sien?

217 Hier, daar is ’n vroutjie wat hier op die draagbaar lê. Kan jy my hoor, dame, wat op daardie draagbaar lê? Ja. Ek kan jou nie genees nie. Ek weet niks omtrent jou nie; jy’s sommer net ’n vreemdeling vir my. Maar glo jy dat Jesus Christus aan my kan openbaar wat jou probleem is? Sal dit jou help? Sou, sou dit? As jy daar lê, gaan jy sterf. Jy het net een kans om te lewe, dis neem Christus aan. Jy het kanker. Dit is reg. Glo jy dat God jou nou sal gesond maak? Glo jy? Steek jou hand op as jy dit glo. Goed. In jou plek, die enigste ding wat jy sou kon doen, sou wees om op te staan uit daardie bed; en neem waarop jy lê, en huistoe gaan, aanspraak maak op jou geloof in God, as die Saad van Abraham. Staan op, in die Naam van Jesus.

Sien, sy staan op, om haar belofte in God te neem.

218 Hoeveel hier, wat sit, julle glo dit nou met julle hele hart?

219 Staan op. Jy het krag; God sal jou krag gee. Staan op, op jou voete. Daar is sy, op, van die draagbaar af.

220 Nou die res van julle wat Jesus Christus wil ontvang, staan op op julle voete. Staan op op julle voete. Staan op, oral, neem Jesus Christus as julle geneser aan.

221 Here Jesus, genees elkeen van hulle. Skenk dit, Here.

JEHOVAH-JIREH 1 AFR64-0402
(Jehovah-Jireh [1])

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 2 April 1964, by die 4-H Club Barn in Louisville, Mississippi, V.S.A., is geneem vanaf ’n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL’S PARK, GORDON’S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org